# Resensies


- König, Adrio. 2005. **Wat is reg? Weet iemand dalk?** Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*Paul de Bruyn*) ........................................................................ 577
- Anthonissen, Kobus. 2005. **Luister na die lig: ’n uitnodiging tot waarlike menswees.** Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*B.J. de Klerk*) ........................................................................ 580
- Naudé, Piet. 2005. **Geesgedrewe gelowiges: Christene met blydskap; kerke wat groei.** Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*H.J.C. Pieterse*) ........................................................................ 582
- Little, Paul E. 2005. **Weet waarom jy glo: dit ís moontlik om seker te wees van die Christelike geloof.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
  (*Michael Heyns*) ........................................................................ 583
- Ferreira, Annelie. 2005. **Eva ontmoet Einstein.** Pretoria: Protea Boekehuis.
  (*Rita Swanepoel*) ........................................................................ 588

# Resensies

# Dringende vraagstukke van ons tyd

**König, A.** 2005**. Wat is reg? Weet iemand dalk?**
Wellington: Lux Verbi.BM. 383 p. Prys: R129,95. ISBN: 0-7963-0255-3.

**Resensent:** *P.J. (Paul) de Bruyn* (emeritus)
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus, Noorwes-Universiteit

In hierdie boek behandel die skrywer 20 onderwerpe oor hedendaagse vraagstukke in die Christelike godsdiens. Hy doen dit omdat "baie mense nie 'n *hele boek* oor 'n onderwerp soos aborsie of homoseksualiteit wil lees nie, maar wel 'n kernagtige *hoofstuk*" (p. 9). Die probleme wat hy behandel noem hy "*kwessies van óns tyd* wat nie in die Bybelse tye bekend was nie, of eenvoudig vandag nie meer soos in daardie kultuur gehanteer kan word nie" (p. 9, 10). Volgens König is die Bybel oor sommige onderwerpe "sonder meer rigtinggewend", maar dan sê hy verder: "In ander hoofstukke kon ons nie by die Bybel bly nie," en dan noem hy sake soos aborsie, saambly, apartheid en doodstraf (p. 9).

Die doel van die boek is volgens König "om vanuit ['n] Christelike standpunt nugter saam te dink oor 'n klomp kwellende aktuele kwessies van ons dag" (p. 10).

Die boek is in drie afdelings ingedeel: hoofstukke 1-6 handel oor die huwelik en seksualiteit, hoofstukke 7-11 oor algemene morele onderwerpe en hoofstukke 12-20 is gesprekke rondom die Bybel en die kerk.

Die volgende sake (vraagstukke) word behandel: Sê die Bybel regtig vroue moet tweede kom?; Wat laat 'n huwelik werk; Wat as ons huwelik nié uitwerk nie?; "Nee dankie" of "Ja, asseblief" vir aborsie?;

Homoseksualiteit – sonde?; Mag ons maar saambly? Baie doen dit tog!; Wat gaan jy eendag word? Ryk – oor lewenswaardes; Hoe maak 'n mens met bedelaars?; Is alles sesduisend jaar gelede in ses dae geskep?; Apartheid – "Let's give it another try"?; Die doodstraf – Barbaars? Onontbeerlik?; Is Jesus die enigste Verlosser?; God, waarom lyk die wêreld só?; "Die Bybel – 'n dik en deurmekaar boek" – wat gaan eintlik daarin aan?; Kan ek die Bybel glo?; Die "Nuwe Hervorming" – geloof of ongeloof?; Was my doop as kindjie ooit geldig voor God?; Is 'n tweede doop noodwendig verkeerd? Is daar iets soos 'n bekeringsdoop?; Alles verander! Moet die kerk regtig ook?; Maak dit saak aan watter kerk ek behoort? Die boek is voorsien van 'n bibliografie, teksregister en onderwerpsregister.

Aan die einde van elke hoofstuk is 'n aantal vrae wat ten doel het om die leser te inspireer om selfstandig oor die betrokke saak na te dink of om kleingroepe te help as hulle die spesifieke saak wil bespreek. Hieruit is dit alreeds duidelik dat hierdie boek nie net vir teoloë bedoel is nie, maar vir bykans alle volwasse lidmate van kerke. Die outeur skryf op so 'n wyse dat 'n mens maklik kan verstaan wat hy bedoel.

König skroom ook nie om aan netelige en sensitiewe sake eerlik aandag te gee nie. Dit is duidelik dat hy nie alleen goed navorsing gedoen en belangrike bronne oor die verskillende onderwerpe geraadpleeg het nie, maar ook dat hy telkens 'n eie bydrae wil lewer en nuwe perspektiewe oor die betrokke saak na vore wil bring. Op hierdie wyse dwing hy 'n mens om nuut oor dié sake na te dink.

Om werklik reg te laat geskied aan die boek behoort 'n mens eintlik elkeen van die 20 onderwerpe afsonderlik te beoordeel. Ek gee egter slegs 'n oorkoepelende oordeel en vestig die aandag op enkele afsonderlike sake.

In die grootste gedeelte van die boek bied König uiters waardevolle gegewens, analises en beoordelings vanuit 'n Christelike standpunt. So is sy hoofstukke oor die vraag: "Is Jesus die enigste Verlosser?" en "Kan ek die Bybel glo?" werklik juwele. Sy beoordeling van die "Nuwe Hervorming" as verwerping van die Bybel, kan ek ten volle onderskryf. Ook is die feit dat hy die perikoop oor die huwelik in Efesiërs 5:21-33 verklaar met Efesiërs 5:21 as vertrekpunt van die uiterste belang. Daarsonder kan hierdie gedeelte nie reg verstaan word nie. In al die ander hoofstukke verskaf sy eerlike en vars aanbieding baie stof tot nadenke, al sou 'n mens nie met alles saamstem nie. Aangesien daar in al 20 hoofstukke gehandel word

oor sake wat tans in die nuus en onderwerpe van diskussie is, is dit noodsaaklik dat lidmate van kerke daarvan moet kennis neem.

Tog is daar ook uitsprake en standpunte waarmee ek probleme het. König verklaar dat die enigste duidelike “definisie” wat ons van God in die Bybel kry, die uitspraak is: “God is liefde” (1 Joh. 4:8, 16). Wat maak hy egter met ’n uitspraak soos dié in Eksodus 3:34, waarvolgens die Here Homself noem: “Ek is wat Ek is”?; wat maak hy met die uitspraak: “Ons God is ’n verterende vuur” (Heb. 12:29), en wat van al die “Ek is ...”-uitsprake van Christus?

Sy siening oor aborsie, naamlik dat daar in die vroeë stadium van swangerskap nie van die fetus as ’n *mens* gepraat kan word nie, maar slegs as ’n *potensiële mens* (p. 74, 75), is nie aanvaarbaar nie. Daar is talle wetenskaplikes (Christelik en nie-Christelik) wat daarvan oortuig is dat daar sprake is van ’n mens vanaf die oomblik van konsepsie (vgl. Ps. 139:13-17).

In sy bespreking van saambly sê hy oor die sewende gebod die volgende: “Tegnies het dit net te doen met die verbreking van die huwelik, nie met verhoudings van ongetroude mense nie” (p. 101). Deur dit te sê, hou hy ongelukkig nie rekening met die sinekdogeïese karakter van die Tien Gebooie nie – iets wat duidelik na vore kom onder andere in Christus se uitspraak in Matteus 5:27-28.

Op p. 105 in dieselfde hoofstuk sê die skrywer met verwysing na Deuteronomium 22:28-29 dat ’n man *toegelaat* is om met ’n jongmeisie seks te hê, maar dan moes hy daarna met haar trou. Dit is egter ’n verkeerde vertolking van die saak. In Deuteronomium 22:13-30 word juis bepalings gegee oor praktyke wat nié toegelaat is nie en in Deuteronomium 22:28-29 word aangedui wat die straf is as ’n man en ’n jongmeisie gedoen het wat nie toelaatbaar is nie.

Op p. 108 is daar klaarblyklik ’n skryffout – die skrywer sê dat die woord *aankleef* in die 1953-vertaling van Genesis 2:24 in die 1983-vertaling weergegee word met “hulle sal een word.” Dit is nie korrek nie. Die woord *aankleef* (1953) word weergegee met *saam lewe* (1983).

Ernstiger as bepaalde uitsprake is die skrywer se siening van homoseksualiteit. Die skrywer probeer om die uitdrukkings “natuurlike omgang” en “teen-natuurlike omgang” in Romeine 1:26-27 te verklaar in die lig van ’n persoon se geneigdheid. Vir ’n homoseksuele persoon is heteroseksualiteit dan “teen-natuurlik”. Talle persone het in die verlede al probeer om die betrokke woorde

so te verklaar, maar telkens is daarop gewys – selfs deur enstige voorstanders vir die toelating van homoseksuele mense in kerke – dat “teen-natuurlik” in Romeine 1:26-27 beteken: in stryd met God se bedoeling met man en vrou by die skepping van die mens.

König is ook van mening dat homoseksualiteit in ’n vaste verhouding nie in die Bybel ter sprake kom nie (p. 94, 95). Nuwere studies dui sterk daarop dat die moontlikheid groot is dat dit destyds wel voorgekom het en dat Paulus se uitsprake, soos Romeine 1:26-27, ook daarop betrekking het. (Vgl. in hierdie verband Botha, P.H. 2004. The apostle Paul and homosexuality: socio-historical study. Ph.D.-proefskrif.) Dit is baie moeilik om te verstaan dat God mense aan homoseksualiteit oorgee om hulle te straf vir hulle sonde (p. 95) as dit ’n praktyk is waarmee daar op sigself niks verkeerd is nie.

Die feit dat daar kritiek is op die skrywer se siening van homoseksualiteit en enkele ander uitsprake, neem egter nie weg dat die grootste deel van hierdie boek besonder waardevol is nie. Bybelstudiegroepe kan dit ernstig oorweeg om hierdie boek by hulle byeenkomste te behandel en elke week op ’n volgende hoofstuk te fokus. Dit is ook wat König onder andere met die boek in die oog gehad het, soos blyk uit die vrae aan die einde van elke hoofstuk.

# Reik uit na ander!

**Anthonissen, Kobus.** 2005. **Luister na die lig: ’n uitnodiging tot waarlike menswees.** Wellington: Lux Verbi.BM. 286 p. Prys: R119,95. ISBN: 0-79630-323-1.

**Resensent:** *B.J. de Klerk*
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Daar is baie mense vandag wat een of ander innerlike letsel opgedoen het. Die vraag hoe sulke mense hierdie innerlike beserings hanteer, verwoord Kobus Anthonissen soos volg: “Hulle oë is verys en hulle harte kil. Kyk maar hoe bibber en beef mense van emosionele verkluiming. Familieverhoudinge, huwelike en vriendskappe is besig om hulle beskutte funksie van vroeër te verloor; ons werkomgewings het koue, mededingende, bloot

geldgerigte plekke geword ...” In die eerste deel van die boek argumenteer die skrywer dat mense hulle innerlike seer probeer verwerk deur weg te kruip agter die maskers van selfvertroue en ordentlikheid. In hierdie deel van die boek teken Anthonissen ’n donker prentjie van hoe die moderne kerkmens lyk en reageer op wat met hom/haar gebeur.

Die doel met hierdie byna onrealistiese donker prentjie, is skynbaar om die maskers van selftevredenheid af te ruk. Anthonissen praat van die beseerde psige van Christen-Afrikaners en praat veral met dié wat leeg en onseker van binne voel, al probeer hulle dit met ’n fyn ordentlikheid wegsteek. Ook die kerk word in die boek aangespreek. Anthonissen stuur daarop af dat die kerk “moederlike sorg” kortkom. Hy het ernstige kritiek op ’n té sterk fokus op uitreikaksies en maatskaplike hulpverlening. Hy voer aan dat die kerk in gebreke bly om lidmate in die arms te neem en tot volwaardige menswees te begelei. Die skrywer wil graag dat die lesers hulleself gaan leer ken, al is dit met aanvanklike ongemak. Dit moet hulle tot ’n selfontdekking bring wat tot heling en ware hoop kan lei.

Die outeur sluit veral aan by die objekrelasie sielkundiges wat tot ’n mate op Freud se insigte voortbou. Hy bespreek die menslike ontwikkeling van voor geboorte tot by die ontdekking van die self en voer aan dat die kwaliteit van die vroegste verhouding tussen die ma en die kind, dié verhouding is wat die blywendste indruk laat. Telkens word verskillende sielkundige navorsings (dikwels kritiekloos) aaneengeryg om ’n standpunt oor te dra. Hierdie wyse van argumentvoering oortuig nie altyd nie. Daar is onnodige herhaling wat die gemaklike volg van die gedagtes moeilik maak, veral omdat dit gepaard gaan met ietwat langdradigheid.

Die boek is op die gewone getroue kerkganger gerig en kan daartoe meehelp dat ’n beeld van die Christen-Afrikaanse samelewing verkry word. Dit is ’n eensydige beeld, maar een wat uiteindelik tot selfondersoek kan lei. Die beklemtoning dat die kerk ook haar moederlike sorg teenoor lidmate moet nakom, is positief. Die indruk moet egter nie geskep word dat heling nie ook kan kom deur weg van die self (deur selfverloëning) na die ander kerklos Afrikaners en ander bevolkingsgroepe uit te reik nie.

# Die plek van die Woord – ook in die kerk

**Naudé, Piet.** 2005**. Geesgedrewe gelowiges: Christene met blydskap; kerke wat groei.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 160 p. Prys: R79,95. ISBN: 0-7963-0295-2.

**Resensent:** *H.J.C. Pieterse*
Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria

Die vraag waarmee die skrywer in hierdie boek worstel, is hoe geestelike herstel moontlik is in 'n tyd waarin die Afrikaanssprekende kerke (by name die Nederduitse Gereformeerde Kerk) soek na identiteit en die koers vorentoe. Hy voer die leser terug na die ontstaan van die Christelike kerk met die uitstorting van die Heilige Gees en behandel die Skrifgegewens in Handelinge op 'n diepgaande en aktuele wyse as rigtinggewend vir die kerk vandag.

Die eerste hoofstuk vorm die teologiese uitgangspunt van die outeur: die ware kerk is 'n kerk van die Woord. Met passie skryf hy oor die kerk wat alleen op die Woord van God in die Skrif gebou is en vanuit die Woord met blydskap en entoesiasme leef. " ... *die Woord* is die basis van ons geloof. Die Woord is die kerk se grootste bate. Ons kan maar alles verloor, solank ons dít nie verloor nie. As die kerk sy Woordgebondenheid verloor, verloor hy dit waarvoor hy op aarde bestem is" (p. 134-135). Sy siening is dat die Gees Christene herstel wat die Bybel ernstig opneem.

Die tweede hoofstuk handel oor ons afhanklikheid van God. Ons kan niks self aan ons toestand doen nie. Ons kan net op God wag. Die Gees herstel Christene wat in verwondering op God se verrassings wag. Hoofstuk drie bespreek die priesterlike gesig van die kerk. Die Christelike lewenstyl moet na binne (na mekaar) en na buite (na andere) een van barmhartigheid wees – veral in die armoedesituasie in ons land. In Hoofstuk vier word die etiek van die evangelie wat in die praktyk funksioneer, uiteengesit. Teen die wil en weg van die meerderheid in, kan die Christen deur die Woord en Gees met lus volgens God se wil (die wet van God) lewe. So kan ons ook ons unieke identiteit opnuut ontdek. 'n Kerk van die Woord wat deur die Gees gedrewe is, is 'n kerk wat versoening bedien (Hoofstuk 5). Hierdie versoening in Christus is 'n versoening met God en met mekaar. Dit vra 'n skuldbelydenis en regstelling. Na aanleiding van Hebreërs 11 word in Hoofstuk ses die kerk se

toekomspad uitgestippel as ’n pad van geloof en vaste vertroue op God alleen. God is ons bron van hoop.

Hierdie werk getuig van ’n gereformeerde uitgangspunt waarin die skrywer op ’n aktuele, Skriftuurlike wyse die moedeloosheid, gebrek aan hoop en die soeke na identiteit van die hedendaagse Afrikaanssprekende kerke bespreek. Die knap eksegese klink telkens vars en nuut. Die skrywer slaag daarin om die Skrif te laat spreek en ons in verwondering voor God te laat staan.

Dit is tog jammer dat die skrywer in ’n ernstige boek soos hierdie ’n spreektaal met Engelse woorde daarin, op ’n soms hinderlike wyse gebruik. Hy motiveer hierdie eienskap van die teks wel in die voorwoord as dat die teks geredigeer is vanuit preek- en seminaarnotas. Tog is ek van mening dat ’n mens ook in preke en seminare goeie, fatsoenlike Afrikaans kan praat wat met die moderne mens kommunikeer.

Die boek is gerig tot lidmate, kerkraadslede en predikante. Dit is bedoel vir mense en gemeentes wat nuwe hoop, herstel en heelmaking soek. Ek het die boek intens geniet en beveel dit graag aan.

# Die Christelike geloof – ’n besinning

**Little, Paul E.** 2005**. Weet waarom jy glo:**
**dit ís moontlik om seker te wees van die Christelike geloof.**
Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 243 p. Prys: R79,95.
ISBN: 1-77000-171-9.

**Resensent:** *Michael Heyns*
Skool vir Filosofie
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie boek is ’n vertaling deur Rosalie van Aswegen van *Know why you believe*.

In Hoofstuk een bepaal Little die aard van die res van die boek. Hy argumenteer dat rasionaliteit en geloof mekaar nie hoef te

weerspreek nie, omdat geloof ’n normale en rasionele deel van menswees is en omdat die Bybel self nie geloof in God as irrasioneel voorstel nie. Hy volg hierdie klem op rasionaliteit in Hoofstuk twee op met die vraag of God se bestaan wel bewys kan word. Little stel dat daar in alle tye ’n bewustheid van God was en dat ’n komplekse ontwerp in die skepping, asook mense se morele bewussyn, ’n aanduiding kan wees dat God wel bestaan. Hy lê ook klem daarop dat hierdie “bewyse” egter nooit gesien kan word as deurslaggewende bewyse van God se bestaan nie. Deurslaggewend is wel dat God homself aan ons openbaar en dat die afleidings wat ons uit die natuur maak slegs bydraende leidrade kan wees.

In die selfopenbaring van God staan die geboorte van Jesus Christus uit. Dit is die tema van Hoofstuk drie, wat die vraag vra of Christus wel God is. Little stel dit dat Jesus se aanspraak op goddelikheid vir ons voor vier moontlikhede laat. “Hy was óf ’n leuenaar, óf kranksinnig, óf ’n legende, óf die Waarheid”. Little argumenteer dat die eerste drie beoordelings logies nie sin maak teen die agtergrond van Jesus se selfopenbaring nie, terwyl die vierde aanspraak dit wel doen. Die vierde hoofstuk vra of Christus wel uit die dood opgestaan het. Little wys daarop dat die opstanding “die hoeksteen van die geloof” is en dat die Christelike godsdiens daarsonder ’n blote museumstuk sal word. Hy behandel en weerlê ’n aantal bekende argumente wat die leë graf (opstanding) van Christus ontken.

In die vyfde hoofstuk vra Little of die Bybel werklik God se spreke is. Hy gee argumente, byvoorbeeld dat ons die Bybel se eie aanspraak dat dit God se Woord is, ernstig moet opneem; dat Jesus self na die Ou Testament verwys as die Woord van God en dat die merkwaardige aantal vervulde profesieë wat in die Bybel voorkom op God se Woord dui. Little behandel verder bekende verwante probleme, soos die inspirasie van die Bybel, tot hoe mate die Bybel letterlik opgeneem kan word en of dit as onfeilbaar getipeer kan word.

Hierdie temas word in Hoofstuk ses verder gevoer as gevra word of die Bybelse teks wat ons vandag het en wat deur baie eeue en deur baie oorskrywings en weergawes kom, nog vertrou kan word. Little stel dit dat die huidige Ou-Testamentiese teks op ’n merkwaardige wyse deur, onder andere, die *Dooie See-rolle* bevestig word. Ten opsigte van die Nuwe Testament konkludeer hy dat daar slegs onbeduidende variasies is tussen die verskillende dokumente wat aan ons bekend is. Hy behandel ook die verwante vraag oor die

kanon en antwoord dat ons huidige Bybel baie duidelik deur God geïnspireer is as openbaring. In Hoofstuk sewe word gestel dat daar teen die middel van die twintigste eeu algemeen erken is dat argeologiese opgrawings en ontdekkings die historiese en geografiese betroubaarheid van die Bybel bevestig. Tegelyk word egter gewaarsku dat ons nie die Bybel deur middel van argeologie kan bewys nie, omdat die bevestiging van plekke, persone en gebeurtenisse glad nie bevestig dat God iets met enige daarvan te doen gehad het nie.

Hoofstuk agt vra die vraag of wonderwerke hoegenaamd moontlik is. Die belangrikste element van 'n antwoord hierop is die geloofsbesluit om óf almag óf onmag aan God toe te skryf. Dit is ook belangrik om raak te sien dat wonderwerke in die Bybel saamhang met 'n duidelik plan en doel, naamlik om die geloof te versterk. In Hoofstuk nege wil Little weet of die wetenskap en die Skrif met mekaar ooreenstem. Hy gee uitgebreide argumente om uiteindelik wel bevestigend te kan antwoord. Hy behandel ook breedvoerig die probleem wat die evolusieteorie vir die Christelike geloof lewer en beantwoord dit met die populêre alternatief van "intelligente ontwerp".

Hoofstuk tien behandel die vraag waarom God lyding en kwaad toelaat. Little wys heeltemal tereg daarop dat dit seker die dringendste vraag is wat in ons tyd aan die Christendom gevra word. Hy gee 'n vierledige antwoord: lyding is die gevolg van die mens se vrye wil en sondeval; tweedens, kan lyding vandag direk herlei word na spesifieke verkeerde dinge wat mense doen en kies; sommige gevalle van lyding kan, in die derde plek, wel gesien word as God se straf op sonde, terwyl ander gevalle, in die vierde plek, die gevolg is van die Satan se betrokkenheid. Little wys wel daarop dat God empatie het met ons lyding en daarom in Christus met ons saamly en ook weer ophef.

Hoofstuk elf behandel die vraag of die Christelike godsdiens van ander godsdienste verskil. Ook word gevra of Christus die enigste weg na God is. Little wys daarop dat die tydsgees klem lê op verdraagsaamheid en dat die Christendom moet ophou om eksklusief te probeer wees. Sy perspektief is dat die Bybel dit baie eksplisiet stel dat Christus die enigste weg tot God is en dat Christene nie op enige ander manier kan dink nie. Verder wys hy ook op belangrike verskille tussen die Christelike geloof en ander belangrike wêreldgodsdienste.

Die laaste hoofstuk vra die vraag of geloof in God nie ’n blote wensvervulling, rasionalisering en ’n behoefte aan ’n vaderbeeld is nie. Die aanklag is dat godsdiens net vir die emosioneel kreupeles is. Sy antwoord is dat ook emosionele belewenis uiteindelik in ’n werklikheid buite die belewenis moet wortel skiet – en dít bied Christus wel.

Little haal ’n beeld van Plato aan wat die wil van die mens gelykstel aan ’n kar wat deur twee perde, emosie en rede, getrek word. By sommige mense reageer die kar (wil) vinniger op die emosies, maar by ander word die wil veral deur die rede beweeg. Volgens Little se herinterpretasie van die beeld, beteken dit dat daar twee soorte gelowiges is, naamlik emosie-gelowiges en rede-gelowiges, maar dat geloof vir albei groepe ten diepste ’n wilsbesluit is. In hierdie boek rig Little homself veral tot diegene wie se geloof en wil deur die rede geroer word. Die boek raak mense aan vir wie die redelike verdedigbaarheid van die Christelike geloof belangrik is – die boek is dus geskryf in die trant van ’n Christelike apologetiek.

Hierdie is egter nie ’n boek vir hardebaard teoloë en filosowe nie, want daarvoor is die styl té voorwetenskaplik. Indien ’n persoon egter ’n Christengelowige is wat wil weet of dít wat hy/sy glo houdbaar is in die wêreld waarin ons woon, is dit die boek vir hom/haar. Indien die persoon ’n skeptikus is, sal hy/sy ook in hierdie boek heelwat idees en argumente kry wat tot herbesinning kan lei.

Die vrae wat in die boek behandel word, is van dié soort wat gewoonlik gemik word na die hart van die Christelike geloof. Little stel hierdie vrae reguit en probeer nie om die aandag af te lei deur dit te herformuleer, sodat dit minder bedreigend klink nie. Sy antwoorde sluit aan by die ortodokse formulering van die Christelike leer en behoort die goedkeuring van die meeste teoloë en hoofstroomkerke weg te dra. Little se siening kan nie gesien word as ’n buitengewone vernuwing van die apologetiek nie. Die waarde van dié boek is egter geleë in die beknopte en populêre trant daarvan. Die boek gee argumente vir gewone mense, sonder dat hul nodig het om betrokke te raak by ’n uitgebreide studie van die uiters moeilike temas wat aangesny word.

Die oorspronklik, basiese idees van die boek is ongeveer vyftig jaar oud. Omdat gebruik gemaak word van verwysings na natuurwetenskaplike ontdekkings, teorieë en filosofiese stromings, is dit belangrik dat hierdie verwysings nie té verouderd raak nie. Little se vrou, Marie, het met die hulp van kenners die boek opgedateer. Kontemporêre konsepte soos postmodernisme en globalisering

word wel genoem. ’n Mens het egter die gevoel dat laasgenoemde nie oral oortuigend in die hoofargument geïntegreer is nie – die meer direkte intellektuele teenstanders is ouer filosofiese strominge, soos die eksistensialisme.

Die vertaling uit Engels is soms stokkerig en klink eerder na Amerikaanse Afrikaans. Voorbeelde van irritasies is die gebruik van die term *wetenskaplik*, terwyl eintlik *natuurwetenskaplik* bedoel word. Daar word na die “heilige Augustinus” verwys, terwyl Afrikaans bloot “Augustinus” sou gebruik; daar word na Augustinus se boek “Die Godstaat” verwys as “City of God”. Augustinus het hierdie boek nie oorspronklik in Engels geskryf nie – die titel daarvan was *De Civitate Dei*.

’n Positiewe uitgangspunt van Little is die moeite wat hy doen om verdagte perspektiewe binne die Christendom, soos biblisisme, natuurteologie, religieuse universalisme en selfs rasionalisme te ontwyk.

Aangesien die boek ’n apologetiese inslag het, word moeite gedoen om aan te toon dat daar wel wetenskaplike bevestiging is vir die Christelike leer. Little poog om antwoorde aan te bied wat by resultate van die wetenskappe en die teologie aansluit. Dit is op hierdie punt uiters belangrik dat nie in die slaggat van ’n dualisme tussen geloof en rede getrap word nie. Hiervoor moet minstens ook die teenoorgestelde vraag, naamlik of die geloof ons kan help om te ken (soos Augustinus gevra het), baie prominent gevra word. Little kom tot ’n mate by so ’n standpunt uit wanneer hy stel dat diegene wat ’n probleem het met die versoening van Skrif en geloof, diegene is wat óf die Bybel op so manier interpreteer dat dit nie met die wetenskap kan ooreenstem nie, óf ’n filosofiese interpretasie aan die wetenskap gee, wat nie met die Bybel kan ooreenstem nie. Hy stel verder dat wetenskaplikes net wetenskaplik besig kan wees as hulle in die geloof aanvaar dat die heelal ordelik is, dat ons kenvermoëns betroubaar is, ensovoorts.

Die feit dat die boek ’n Christelike apologetiek wil verskaf, moet lesers tot versigtigheid maan, omdat die apologetiek die potensiaal het om ’n mens uit te lewer aan allerlei vorms van rasionalisme. Die gevaarlikste hiervan is die rasionaliteitsbegrip van die Verligting – hiervolgens word daarop aanspraak gemaak dat iets net as ’n “feit” of “waarheid” gesien kan word as dit sintuiglik waarneembaar is en logies konsekwent is. Vir die Christelike geloof wat ook staatmaak op die misterieuse en bonatuurlike, sal so ’n eng begrip van “waarheid” fataal wees. Dit is dus belangrik dat die apologetiek

benader moet word met ’n duidelike besef dat dit ’n beperkte waarde het. Little het wel ’n begrip vir hierdie beperking, maar soms klink sy aanspraak dat daar nog nooit ’n vraag gestel is wat die Christendom kon laat wankel nie, tog na ’n veronderstelling dat die Christendom die eng toets van die Verligting sal kan slaag. Wat hy sou moes byvoeg, is dat die tradisionele redelike antwoorde dit ook nog nie kon regkry om skeptisisme uit te roei nie. Die trant van die boek is egter van so ’n aard dat ’n mens wel daaruit sou kon aflei dat die aanvaarbaarheid van die Christelike boodskap uiteindelik ’n saak van geloof is en nie van redelike bewysbaarheid nie.

# ’n Spirituele reis van denke en oortuigings

**Ferreira, Annelie.** 2005**. Eva ontmoet Einstein.**
Pretoria: Protea Boekehuis. 186 p. Prys: R99,95. ISBN: 1-86919-077-7.

**Resensent:** *Rita Swanepoel*
Kunsgeskiedenis
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Op die omslag van die boek lees ons Annelie Ferreira is ’n Eva van die derde millennium. In hierdie boek gaan Ferreira op ’n spirituele reis. Sy begin by die oerknal en raak aspekte aan soos die vorming van die aarde, die begin van lewe, evolusie, die ontstaan van die mens en die ontwikkeling van sy spirituele bewussyn. Op die pad kom sy onder andere Zoroaster, die Boeddha, Jesus, Mohammed, Freud, Jung en Einstein teë en sit haar reis voort. Hierdie reis na die dieper betekenis van die lewe is uiteindelik ’n spirituele, sowel as ’n intellektuele geskiedenis van die mensdom wat eindig by globalisering, die relatiwiteitsteorie en kosmologie.

Ferreira kom tot die ontdekking dat, deur onsself en ons plek in die wêreld te leer ken, ons vorm begin gee aan ’n nuwe geestelike simboliek, asook om die oue nuut te leer waardeer. Oor Suid-Afrika lees ons byvoorbeeld die volgende: “Op Suid-Afrikaanse grond woon nie net ’n onheilige verskeidenheid volke nie, hulle verteenwoordig ook ’n verskeidenheid kulture, vlakke van geleerdheid en welvaart, en fisieke, sielkundige en spirituele behoeftes. ’n Sekere

groep van die bevolking bevind hulle vierkantig binne ’n geestelike tendens van bevraagtekening, hersiening en vernuwing wat regoor die ontwikkelde Weserse wêreld aan die gang is. ’n Ander groep stort al hulle energie in fisieke oorlewing, waarin filosofiese besinning ’n luukse is. Beide groepe se uitdagings en behoeftes is geldig” (p. 13).

Sy som ook die Afrikaner sekuur op: “In die Afrikaner se geval is die situasie nog meer gekompliseer deurdat ons fisieke en geestelike wêreld saamgesmelt het: politiek en godsdiens het een geword. Vir die Afrikaner het godsdiens ’n waarborg vir oorlewing geword, vir sy landgenote ’n belofte van hoop. In sulke omstandighede torring niemand aan die basis van ’n geestelike raamwerk nie. Slegs ’n ingrypende verandering of krisis sal ’n pad van twyfel en soek oopmaak en in Suid-Afrika het daardie verandering vir baie mense in April 1994 plaasgevind” (p. 14).

Die outeur is ’n belese, dapper vrou – ’n vrou wat in lekkerlees-Afrikaans kan skryf. Ferreira boei van die eerste bladsy tot die einde. Sy vra fundamentele vrae en konfronteer die leser met die voortdurend veranderde wêreld. Sy vra ook vrae rondom tradisionele opvattings en konsepte. Sy bekyk die intellektuele ontwikkeling van die wêreld deur die oë van ’n vrou. Dit is ’n boek oor spirituele denke en oortuigings.

Ferreira gaan spaarsamig en ekonomies met woorde om – geen onnodige tierlantyntjies nie. Wat wel opval is die fyn humor waarmee sy dinge stel, dikwels ’n tong-in-die-kies-benadering. Tog is dit ’n boek wat inspanning verg, juis omdat sy so ekonomies en vinnig met gegewens omgaan. Sy vra vrae, gee nie die oplossings nie, maar laat haar lesers dink en glimlag.

Elke hoofstuk se inleidingsparagraaf is pittig, spitsvondig en toepaslik geskryf vir die onderwerp wat sy wil aanraak, sodat dit die aandag trek en behou en ’n mens noodgedwonge voortlees. Enkele voorbeelde: “Jy het nie ’n doktorsgraad in fisiologie nodig om te weet hoe om jou arms en bene te beweeg nie, of ’n doktorsgraad in botanie om ’n blombol in die grond te druk of ’n doktorsgraad in fisika om ’n elektriese ketel aan te skakel nie”. In dieselfde hoofstuk word die dier van die mens onderskei. Daar is net drie groot vrae in ’n dier se lewe: Kan ek dit eet?; kan ek daarmee seks hê en kan dit my doodmaak? Natuurlik is hierdie vrae net so krities in die mens se lewe, daar kom net soveel meer nuanserings en filosofiese vrae wat weer op hul beurt ander vrae oproep.

’n Hoogepunt vir my persoonlik in die boek is die titelhoofstuk van die boek *Eva ontmoet Einstein.* Hierdie hoofstuk bied ’n uitstekende voorbeeld van die skryfstyl en hoe sy met tradisionele opvattings omgaan: ’n Mens het die beeld van ’n verstrooide Einstein wie se hare wild om sy kop staan in gedagte wanneer jy lees dat Einstein gemakliker in ’n park is, want hy kan beter dink wanneer hy wipplank ry of swaai (p. 117). Eva boul Einstein uit deur vir hom ’n formule in die hand te stop: “Heelheid = vroulik + manlik” en toe dit lyk of Einstein nie verstaan nie, help sy hom met ’n stukkie Sjinees: “Heelheid = yin + yang” (p. 117-118). Sy gaan voort: “Ons twee is gelykes, Einstein, en dis tyd dat ons só leef. Ek wag al lank vir ’n kans om te vertel wat regtig daardie keer in die paradys gebeur het. Die geskiedskrywer het my verkeerd aangehaal en die storie verdraai. Dit is tyd dat die rekord reggestel word” (p. 120).

Met hierdie aanhaling hoop ek het ek die leser lus gemaak om hierdie boek te lees. ’n Hoogs aanbevole boek – trouens, ’n moet-lees!